# Laerskool Eligwa

1 Oktober 2024

Nuusbrief Nr. 13 van 2024

Geagte Ouers / Voogde

Baie welkom terug na die vakansie. Ons glo en vertrou dat u ‘n aangename rustyd met u kind(ers) geniet het. Neem asseblief kennis van die volgende sake:

**1. <u>AKADEMIE</u>**

U is reeds in besit van u kind se vorderingsverslag. Ons amptelike ouermiddag is op Dinsdag, 8 Oktober 2024 **vanaf 14:00 tot 16:00.** Slegs leerders wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Die ouermiddag is vir alle leerders vanaf Gr. 1 tot Gr. 7. Ons doen ‘n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy / haar onderwyser te kom bespreek. Parkering is beskikbaar op die B-rugbyveld.

**2. <u>PERSONEELSAKE</u>**

Baie geluk aan Juffrou Daniëlle Pretorius (nee Hubbard) wat gedurende die vakansie in die huwelik getree het. Mag die Here julle ongelooflik seën.

**3. <u>BEGROTINGSVERGADERING</u>**

Op Woensdag, 9 Oktober 2024, sal daar ‘n begrotingsvergadering ten opsigte van 2025 se begroting plaasvind. Die vergadering sal om 17:30 ‘n aanvang neem. U teenwoordigheid sal baie waardeer word.

**4. <u>KERKDIENS (GRAAD 7)</u>**

Ons wil graag op ‘n gepaste wyse van ons Graad 7-leerders EN-ouers afskeid neem met ‘n kerkdiens. Die diens sal plaasvind om 07:30 op Vrydag, 8 November 2024 by NG Kerk Sentraal (oorkant die skool). Na afloop van die diens sal daar ‘n verrassing wees.

**5. <u>PRESTASIE-GELEENTHEID</u>**

Die Prestasie-aand vind plaas op Woensdag, 27 November 2024 om 18:00 by River of Life. Die leerlinge sal op Maandag, 25 November 2024 die uitnodigings ontvang.

**6. <u>GROEPFOTO’S – Gr. RR tot Gr. 3</u>**

Ons beplan om op Dinsdag, 15 Oktober 2024, groepfoto’s te neem van al die sportsoorte en kultuuraktiwiteite van Gr.RR tot Gr. 3. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 11 Oktober 2024. Die kostes beloop R40 per foto. Daar sal dus foto’s van die volgende groepe geneem word:

1. Mini-netbal en mini-rugby. (In sportdrag)
2. Skaak. (In skooldrag)

3. Mini-krieket en mini-hokkie. (In sportdrag)
4. Kultuur. (In skooldrag)
5. "Cheerleaders"
6. Provinsiale kleure (skaak, atletiek)

**7. MNR EN MEJ ELIGWA**

Die reëlings ten opsigte van ons Mnr. en Mej. Eligwa is reeds ver gevorder. Die finaal sal plaasvind op Dinsdag, 22 Oktober (Juniors) en Woensdag, 23 Oktober (Seniors). Daar is nog 'n beperkte hoeveelheid kaartjies beskikbaar teen R50 per stoel.

**8. GRAAD 1- INLIGTINGSAAND**

Ons Graad 1-inligtingsaand vind plaas op 20 November 2024 om 17:30 in die skoolsaal. Parkering sal op die B-rugbyveld beskikbaar wees.

**9. GR.R- GRADEPLEGTIGHEID**

Ons Graad R-gradeplegtigheid vind plaas op 21 November 2024 om 17:30 in die skoolsaal. Parkering sal op die B-rugbyveld beskikbaar wees.

**10. GROEPFOTO'S – Gr. 4 tot 7**

Ons beplan om op Woensdag, 16 Oktober 2024, groepfoto's te neem van al die sportsoorte en kultuuraktiwiteite van Gr. 4 tot Gr. 7. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 11 Oktober 2024. Die kostes beloop R40 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Krieket en hokkie. (In sportdrag)
2. Rugby en netbal. (In sportdrag)
3. Atletiek - Sedibengspan. (Provinsiale klere)
4. Prefekte, skolierpatrollie, diensleiers , snoepieleiers , CSV-leiers, redaksiespan en klankleiers (in skoolklere)
5. D8 hokkie – in D8 sweetpakke.
6. Provinsiale rugby.
7. Redenaars (In volle skooldrag soos hulle deelgeneem het)
8. Kultuur (In skooldrag)

**11. DEBIETORDERSTELSEL 2025**

Ouers wat belangstel om van die skool se debietorderstelsel gebruik te maak, moet asseblief die nodige dokumentasie by die kantoor kom afhaal of e-pos stuur aan eligwa@mweb.co.za (vir aandag Elize van Wyk). Sy sal die vorm dan vir u aanstuur. Dit strek oor 12 maande en u kwalifiseer vir 2,5% korting op u skoolfonds. Die vorms moet asseblief voor of op 29 November 2024 by Mev. Elize van Wyk ingehandig word. Die debietorders sal gedurende Desember 2024 ingevoer word om dan in Januarie 2025 inwerking te tree.

**BESTAANDE DEBIETORDERS WORD OUTOMATIES AANGEPAS VIR 2025**

**12. LEERDER ONDERSTEUNINGSMATERIAAL (LOM-FOOI) 2025**

LOM-fooi van R350 moet voor of op 29 November 2024 betaal word sodat u kind se plek verseker is.

**13. TOER**

Baie sterkte aan ons Gr.4 - leerlinge wat by Wag-'n-bietjie gaan toer van 30 Oktober 2024 tot 1 November 2024. Geniet dit en wees goeie ambassadeurs vir die skool.

**14. UITSTAPPIES**
Die volgende uitstappies vind hierdie kwartaal plaas:
Gr. RR en Gr. R leerlinge besoek die dieretuin op 6 November 2024.
Gr. 1 leerlinge besoek Midvaal Leeuplaas op 13 November 2024.
Gr. 2 leerlinge besoek die Voëlpark by Monte Casino op 15 November 2024.
Gr. 5 leerlinge besoek die Voortrekkermonument op 6 November 2024.
Geniet dit en gebruik die geleentheid om baie te leer.

**15. SKAAK**
Baie geluk aan Kayvian Gorrie, Avery Gorrie, Corné Jonker en Ciara Swarts wat Sedibengkleure verwerf het vir skaak. Hulle gaan gedurende Desember aan die Inter-streekskampioenskappe deelneem. Ons is baie trots op julle.

**16. WALTONS (GR. RR – GR.2)**
Die bestelvorms met bewys van betaling moet voor of op 4 Oktober 2024 terug wees by die skool. Waltons sal op 7 November 2024, tussen 12:00 en 14:00, self by die skool wees om die boks vir u te oorhandig. Alternatiewelik kan u ook vir Waltons op 7 November 2024 kontant of met 'n kaart betaal. (Hulle sal kaartfasiliteite beskikbaar hê). U het reeds die vorms ontvang.

**17. INENTING**
Die gesondheidsdepartement besoek ons skool op 9 Oktober 2024. Die Graad 5-dogters word ingeënt teen die HPV virus en die Graad 5-seuns teen klem-in-die-kaak en witseerkeel. Dit is absoluut vrywillig. Die toestemmingsbrief is in u kind se besit. Voltooi asseblief en stuur so gou doenlik terug skool toe.

**18. BELANGRIKE DATUMS**

| | |
|---|---|
| Dinsdag, 1 Oktober | : Skole heropen. |
| Donderdag, 3 Oktober | : Krieket 0/9 vs DF Malherbe (weg) |
| Vrydag, 4 Oktober | : Skaak – Gauteng Skole spankompetisie – O/9 en O/13 (Germiston) |
| Dinsdag, 8 Oktober | : Krieket 0/9 vs Fonteine (tuis) |
| | : Ouermiddag 14:00 |
| Woensdag, 9 Oktober | : Begrotingsvergadering – 17:30 |
| Donderdag, 10 Oktober | : Krieket 0/9 vs Vryheidsmonument (weg) |
| Dinsdag, 15 Oktober | : Groepfoto's (Gr. RR tot Gr. 3) |
| | : Krieket 0/9 vs Kollegepark (tuis) |
| Woensdag, 16 Oktober | : Groepfoto's (Gr. 4 tot Gr. 7) |
| Vrydag, 18 Oktober | : Detensieklas |
| Maandag, 21 Oktober | : Krieket 0/9 vs Midvaal (weg) |
| Dinsdag, 22 Oktober | : Mnr./Mej Eligwa (Juniors) |
| Woensdag, 23 Oktober | : Mnr./Mej Eligwa (Seniors) |
| Woensdag, 6 November | : Gr. RR/R – Dieretuin |
| | : Gr. 5 - Voortrekkermonument |
| Donderdag,7 November | : Gr.7 afskeid – Gold Reef City |
| Vrydag, 8 November | : Kerkdiens – Gr. 7 leerlinge en ouers. |
| Maandag, 11 November | : Eksamen begin. |
| Woensdag, 13 November | : Gr. 1 – Leeuplaas |
| Vrydag, 15 November | : Gr. 2 - Voëlpark |
| Woensdag, 20 November | : Eksamen eindig. |
| | : Gr. 1 Inligtingsaand – 17:30 |

Donderdag, 21 November : Gr. R gradeplegtigheid
Woensdag, 27 November : Prestasie-geleentheid Gr. 1 – 7 (River of life)
Woensdag, 11 Desember : Skool sluit – Vorderingsverslae 07:00 – 07:30

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za